SA Wrestling Federation
Stoeifederasie

AFRIGTERS RAAD / COACHES COUNCIL

Miss. E van Zyl
P.O. Box 82625
Southdale
2135
TEL: 011 681 1808
082 290 7561 (Cell)
FAX: 011 681 1800
evanzyl@phumelela.com

Aan: Sekretaris/Voorsitter – Stoeiverenigings
SASF Uitvoerende Bestuurslede

Van: SASAR

10 Februarie 2010

SASAR SKRYWE 2010/04

Tydens SASCOC se Algemene Jaar vergadering van 14 November 2009 is daar besluit dat elke Nasionale Federasie 'n verteenwoordiger moet verkies wat die betrokke sportmanne in die Federasie kan verteenwoordig.

Ons wil die verkiesing van so 'n verteenwoordiger op 'n demokratiese en deursigtige manier afhandel ten einde te voldoen aan die vereistes van SASCOC. Ongelukkig is daar min tyd om die proses af te handel maar ons probeer om die proses so regverdig moontlik af te handel.

Die vereistes en kriteria vir die verteenwoordiger is uiteengesit in die aangehegte dokument soos versprei deur SASCOC.

Wanneer u die nominasies doen moet u in ag neem dat die verkose verteenwoordiger die belange van die stoeiers moet bevorder en hy/sy moet oor die nodige ondervinding en vaardighede beskik om dit suksesvol aan die bestuur oor te dra.

Die proses vir die verkiesing van die verteenwoordiger is as volg:

1. **Nominasie proses:**
   - Alle nominasies moet deur die onderskeie Stoei Verenigings geskied. Geen ander nominasie sal aanvaar word nie.
   - Nominasies moet voor of op Woensdag 17 Februarie 2010 reeds by die Sekretaris Generaal Mnr. Manie van den Berg wees. Geen laat nominasies sal aanvaar word nie.
   - Nominasies moet op die aangehegte nominasie vorm geskied.

2. **Verkiesingsproses:**
   - Die verkiesing sal tydens die SA Gradering op 18,19 en 20 Februarie plaasvind.
   - Daar kan op Donderdag aand 18 Februarie en Vrydag aand 19 Februarie tydens die medies en inweeg gestem word by 'n stem tafel wat deur SASAR beman sal word.
   - Daar kan ook op Vrydag 19 Februarie en Saterdag 20 Februarie tussen 10 en 12 uur gestem word.

- Alle stoeiers wat in 2010 geregistreer is, asook 16 jaar en ouer is mag stem.
- Stoeiers wat wil stem moet in besit wees van hulle registrasie kaart as bewys van registrasie voor dat hy/sy kan stem.
- Die genomineerde persone hoef nie teenwoordig te wees tydens die stemming nie.

3. **Verkiesings Beamptes:**
   Mnre. Nico Coetzee en Manie van den Berg sal op tree as verkiesing beamptes.

4. Indien u enige navrae het kontak my Nico Coetzee gerus by sel nr. 0832321120 of E-pos: necchem@iafrica.com.

Groete

Voorsitter SASAR
Nico Coetzee